

HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING 2 VAN 2000

INLEIDING

Ingevolge artikel 14(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000, moet die inligtingsbeampte van 'n betrokke openbare liggaam in minstens drie amptelike tale 'n handleiding opstel wat sekere inligting bevat.

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie ontleen sy magte aan die Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie 19 van 1973. Die Regshervormingskommissie is 'n openbare liggaam soos bedoel in paragraaf (b)(ii) van die definisie van "openbare liggaam", naamlik 'n instelling wat ingevolge wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare plig verrig. Die Regshervormingskommissie beheer derhalwe toegang tot sy eie rekords.

GIDS OOR HOE OM DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING 2 VAN 2000 TE GEBRUIK

Ingevolge artikel 10 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 moet die Menseregtekommissie in elke amptelike taal 'n gids publiseer wat in 'n maklik verstaanbare vorm en wyse die inligting bevat wat redelikerwys benodig word deur 'n persoon wat enige reg in hierdie Wet beoog, wil uitoefen.

Die kontakbesonderhede van die Menseregtekommissie se Hoofkantoor is soos volg:

Privaatsak 2700
Houghton 2041
JOHANNESBURG

Tel: (011) 484-8300

Faks: (011) 484-1360

STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REGSHERVORMINGSKOMMISSIE

Instelling van die Kommissie

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie is deur die Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie 19 van 1973 (die Wet) ingestel.

Die oogmerke van die Kommissie

Die doelstellings van die Kommissie is soos volg in artikel 4 van die Wet uiteengesit: om navorsing te doen met betrekking tot alle vertakkinge van die reg van die Republiek en dit te bestudeer en te ondersoek ten einde aanbevelings te doen vir die ontwikkeling, verbetering, modernisering of hervorming daarvan, met inbegrip van-

- die herroeping van verouderde of onnodige bepalings;
- die verwydering van anomalieë;
- die bewerkstellig van eenvormigheid in die reg wat in die verskillende dele van die Republiek van krag is;
- die konsolidasie of kodifikasie van enige vertakking van die reg; en
- stappe wat daarop gemik is om die gemene reg geredeliker beskikbaar te stel.

In kort, die Kommissie is 'n adviserende liggaam met die doel om die Suid-Afrikaanse reg op 'n deurlopende basis te hersien en te verbeter.

Samestelling van die Kommissie

Die lede van die Kommissie word deur die President aangestel.

Ingevolge artikel 3(1)(a) van die Wet word die Kommissie soos volg saamgestel:

- 'n Regter van die Konstitusionele Hof, die Hoogste Hof van Appèl of 'n Hoë Hof, as Voorsitter.
- Nie meer as agt persone wat, na dit vir die President voorkom, geskik is vir aanstelling op grond van die bekleding van 'n regterlike amp, of op grond van

ondervinding as advokaat, of as prokureur of as professor in die regsgeleerdheid aan 'n universiteit, of op grond van enige ander kwalifikasie wat op die doelstellings van die Kommissie betrekking het.

Ingevolge artikel 3(2) van die Wet kan die President een of meer addisionele lede aanstel indien hy dit vir die ondersoek van enige bepaalde aangeleentheid deur die Kommissie nodig ag.

Komitees

Artikel 7A van die Wet maak voorsiening vir die instelling van komitees van die Kommissie. Daar is twee kategorieë van komitees: komitees wat net uit lede van die Kommissie bestaan en deur die Kommissie self aangestel word (soos die Werkkomitee), en komitees wat bestaan uit lede van die Kommissie en persone wat nie lede is nie. Laasgenoemdes word deur die Minister aangestel. Die doel van die tweede kategorie van komitees is om ook die kundigheid van persone buite die Kommissie vir die Kommissie se werksaamhede te benut en om direkte gemeenskapsbetrokkenheid te verseker.

Komitees van die Kommissie verrig die werksaamhede wat die Kommissie aan hulle opdra en is onderworpe aan die Kommissie se voorskrifte. Werksaamhede deur komitees verrig, word geag deur die Kommissie verrig te wees en vir doeleindes van vergoeding word lede van komitees geag lede van die Kommissie te wees.

Werkkomitee

Onder die eerste kategorie van komitees het die Kommissie 'n Werkkomitee ingestel wat bestaan uit lede van die Kommissie wat vir vergaderings volgens hulle beskikbaarheid gekoöpteer word.

Die Werkkomitee kan beskou word as die dagbestuur van die Kommissie. Ooreenkomstig die Kommissie se opdragte gee die Komitee op 'n deurlopende grondslag aandag aan roetine-aangeleenthede en aan ander sake wat dringende aandag verg. Die Werkkomitee is bevoeg om al die funksies van die Kommissie uit te

oefen, met die uitsluiting van die goedkeuring van verslae. Die Komitee oorweeg ook om nuwe ondersoeke in die Kommissie se program op te neem. Verder beplan en bestuur die Komitee die werksaamhede van die Sekretariaat van die Kommissie.

Projekkomitees

Onder die tweede kategorie van komitees ressorteer projekkomitees. Die Kommissie volg die gebruik om, indien 'n spesifieke ondersoek op die Kommissie se program dit vereis, 'n projekkomitee bestaande uit deskundiges in te stel ten einde hom met so 'n ondersoek behulpsaam te wees en van raad te dien.

Sekretariaat van die Kommissie

Die Kommissie word in sy taak bygestaan deur 'n voltydse Sekretariaat wat bestaan uit beamptes op die diensstaat van die Department van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling. Die Sekretariaat bestaan uit 'n administratiewe en 'n vakkundige komponent.

Program

Die Wet bepaal dat die Kommissie van tyd tot tyd programme moet opstel waarin die aangeleenthede wat na die Kommissie se oordeel oorweging verg, in voorkeurorde opgeneem word. Die Kommissie se program is aan die Minister se goedkeuring onderworpe.

DOKUMENTE DEUR DIE KOMMISSIE GEPUBLISEER EN GEPRODUSEER

In die loop van sy werksaamhede genereer die Kommissie 'n verskeidenheid van dokumente. Die dokumentereeks van die Kommissie bestaan uit die volgende:

Vraagstukdokumente

Ten einde die gemeenskap aktief op 'n vroeër stadium te betrek, publiseer die Kommissie Vraagstukdokumente vir relevante ondersoeke as die eerste stap in die

konsultasieproses. Die oogmerk van 'n Vraagstukdokument is om 'n ondersoek aan te kondig, om die doel en omvang van die ondersoek te verduidelik, en om die beskikbare opsies om bestaande probleme op te los aan die hand te doen.

Vraagstukdokumente is gratis op aanvraag verkrygbaar.

Besprekingstukke

Besprekingstukke, voorheen na verwys as Werkstukke, is dokumente waarin die Kommissie se voorlopige navorsingresultate vervat is. In die meeste gevalle bevat Besprekingstukke ook konsepwetgewing. Die belangrikste oogmerk van hierdie dokumente is om die openbare mening te toets aangaande oplossings deur die Kommissie geïdentifiseer. Besprekingstukke word soos wat hulle gepubliseer word, agtereenvolgens genommer.

Besprekingstukke is gratis op aanvraag verkrygbaar.

Verslae

Die Wet bepaal dat die Kommissie 'n volledige Verslag met betrekking tot 'n aangeleentheid wat deur hom ondersoek is, moet opstel en so 'n Verslag tesame met konsepwetgewing, as daar is, aan die Minister vir oorweging moet voorlê.

Alle Verslae van die Kommissie is amptelik, maar nie almal word gepubliseer nie. Verslae wat nie gepubliseer is nie, is gratis op aanvraag verkrygbaar. Verslae wat gepubliseer is, kan van die Staatsdrukker aangekoop word.

Benewens die Verslae oor bepaalde ondersoeke bepaal die Wet ook dat die Kommissie jaarliks 'n Verslag oor al sy bedrywighede gedurende die voorafgaande jaar aan die Minister moet voorlê. Die Jaarverslag kan van die Staatsdrukker aangekoop word.

Navorsingsreeks

Stukke in die Kommissie se navorsingsreeks wat nie gepubliseer is nie, is gratis op aanvraag verkrygbaar. Navorsingstukke wat gepubliseer is, kan van die Staatsdrukker aangekoop word.

Bulletins

Bulletins is periodieke nuusbriewe van die Kommissie wat gratis op aanvraag verkrygbaar is.

Bogenoemde dokumente verskyn op die Kommissie se Webwerf kort na publikasie:
<http://www.doj.gov.za/salrc/index.htm>

Kommissiestukke, Komiteestukke en notules van vergaderings

Kommissiestukke en Komiteestukke is interne dokumente wat nie gepubliseer word nie. In hierdie stukke word voorstelle vir die opneem van aangeleenthede in die Kommissie se program, navorsingresultate vir kennisname of oorweging deur die Kommissie, konsep Vraagstukdokumente, Besprekingstukke en Verslae en 'n verskeidenheid van ander aangeleenthede behandel. Die stukke word agtereenvolgens genommer soos wat hulle voor die Kommissie dien.

Notules word gehou van vergaderings van die Kommissie, Werkkomitee en projekkomitees.

OPENBARE DEELNAME IN DIE REGSHERVORMINGSPROSES

Die regshervormingsproses begin met voorlegging aan die Kommissie van 'n regshervormingsvoorstel. Enige persoon of instansie is by magte om die Kommissie te nader met 'n versoek dat 'n bepaalde vertakking of aspek van die reg wat oënskynlik regshervorming benodig, ondersoek word.

Die uitoefening van die Kommissie se mandaat is afhanklik van die daarstelling van 'n breedvoerige konsultasieproses met Suid-Afrikaners ten einde te verseker dat die Kommissie se werk toeganklik is en die demokratiese waardes van die Grondwet bevorder. Alle partye met 'n belang in die voorstelle vir regshervorming soos uiteengesit in Vraagstukdokumente en Besprekingstukke word uitgenooi om skriftelik kommentaar te lewer. Die Kommissie sal gemotiveerde versoeke vir die aanhoor van mondelinge verhoë oorweeg. Die kommentaar is 'n noodsaaklike deel van die Kommissie se konsultasieproses en word in aanmerking geneem vir die ontwikkeling van finale aanbevelings.

KONTAKBESONDERHEDE

Die Sekretaris van die Kommissie is die inligtingsbeampte van die Kommissie. Die Assistent-Sekretaris is as die adjunk-inligtingsbeampte aangewys.

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se kantore is geleë in die Sanlamsentrum 12e vloer), hoek van Andriestraat en Schoemanstraat, Pretoria.

Die posadres is soos volg:

Die Sekretaris
Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie
Privaatsak X668
Pretoria
0001
Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: (012) 322-6440
Faks: (012) 320-0936
Internet: <http://www.doj.gov.za/salrc/index.htm>
E-pos: <mailto:reform@justice.gov.za>

Kantoorure: 07:15 tot 15:45 (Maandae tot Vrydae)